

God se verseëlde volk



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 7; II Petrus 3:9–14; Deuteronómium 8:11–17; Openbaring 14:4, 5, 12; 17:5; Romeine 3:19–23.

Geheeteks:

“... Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam.” (*Openbaring 7:14*).

Die oopmaak van die sewe seëls se boodskap toon aan dat elke persoon wat daarop aanspraak maak dat hulle in Christus glo, óf seëninge vir getrouheid óf vervloekinge vir ontrouheid te wagte kan wees. Die eerste vier seëls beskryf God se dissiplinêre maatreëls om sy volk uit hulle geestelike koma wakker te maak om aan hulle oorwinning te gee. God se volk ly egter ook onregverdiglik en ondervind verdrukking in ‘n wêreld wat vyandig teenoor die evangelieboodskap optree. Met die oopmaak van die sesde seël is God gereed om teen diegene wat sy volk skade aangedoen het, op te tree.

Hoofstuk 7 is tussen die sesde en sewende seëls ingelas. Die sesde seël het te doen met die Tweede Koms van Christus. Terwyl die goddelose veroordeling in die gesig kyk, vertel Openbaring 7 ons dat diegene wat staande bly op die dag van Christus se koms, verseël is. Openbaring 7 identifiseer God se eindtydvolk net voor die Tweede Koms. Hulle ander kenmerke word in Openbaring 14:1-5 gegee. Daar word ook nog ‘n tussenspel tussen die sesde en sewende trompette ingelas (*Openbaring 10:1–11:14*). Hierdie tussenspel stem met dieselfde tydvak as die van hoofstuk 7 ooreen, en beskryf die ondervinding en taak van God se eindtydvolk.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 9 Februarie.*

Die winde van die aarde word vasgehou

Lees Openbaring 7:1–3 saam met II Petrus 3:9–14. Wat sien Johannes? Hoe lank moet die engele die winde vashou? Wat gaan gebeur wanneer die verseëling afgehandel is?

In die Ou Testament verteenwoordig winde God se mag wat Hy gebruik om oordele oor die goddelose te bring en verwoesting te saai (*Jeremia 23:19, 20*). Dit is ‘n ander manier om die sewe laaste plae wat op die onbekeerde mensdom net voor die Tweede Koms uitgestort word, te beskryf (*Openbaring 16*). Hierdie verwoestende magte word egter deur Goddelike ingryping teruggehou terwyl God se volk se verseëling plaasvind.

In antieke tye het verseëling hoofsaaklik met eienaarskap te doen gehad. Die betekenis van die simboliese verseëling in die Nuwe Testament word aangedui as “ ‘Die Here ken die wat syne is’ ” (*II Timóteüs 2:19*). God herken sy eie mense en verseël hulle met die Heilige Gees (*Efésiërs 1:13, 14; 4:30*). Gedurende die eindtyd word hulle wat kies om aan God se kant te wees, op hulle voorhoofde met die seël gemerk (*Openbaring 14:1*). Die seël van God is nie ‘n sigbare merk op die voorhoof nie, maar volgens Ellen G. White beteken dit “om beide intellektueel en geestelik in die waarheid gevestig te word, sodat hulle nie verlei kan word nie.” — Ellen G. White, *Last Day Events*, bl. 220, (vrye vertaling). Diegene wat gewilliglik en wetende hulle by die dier skaar, ontvang die merk van die dier (*Openbaring 13:16, 17*).

Die getrouheid van God se verseëlde volk was in elke geslag getoets. In die finale krisis sal die toets van getrouheid egter die onderhouding van God se geboorte wees (*sien Openbaring 12:17, 14:12*). Die vierde gebod sal spesifiek die toets van gehoorsaamheid aan God wees (*Openbaring 14:7*). Aangesien die Sabbat die teken van God se volk in Bybelse tye was (*Eksodus 31:12–17; Eségiël 20:12, 20*), sal dit ook die teken van lojaliteit teenoor God gedurende die finale krisis wees. Gedurende die tyd van die einde is die seël ook ‘n teken van beskerming teen die verwoestende magte van die sewe laaste plae (*sien Eségiël 9:1–11 as agtergrond vir Openbaring 7:1–3*). Dus ontvang die vraag wat in Openbaring 6:17 gevra word, die beslissende antwoord: hulle wat op die dag van God se toorn staande sal bly en beskerm sal word, sal die verseëlde volk van God wees.

Paulus waarsku ons om nie die Heilige Gees deur wie ons verseël is, te bedroef nie (Efésiërs 4:30). Wat beteken dit? Hoe bedroef ons die Heilige Gees? Wanneer jy die antwoord op hierdie vraag het, watter keuses kan jy maak om jou te help om Hom nie te bedroef nie?

God se verseëlde volk

Lees Openbaring 7:4–8. Watter getal stel God se verseëlde volk voor? Wat is die betekenis van daardie spesifieke getal?

Die aankondiging van die getal van hulle wat verseël is, dui die voltooiing van die verseëling aan. Johannes hoor dat hulle getal 144,000 uit die 12 stamme van Israel is. Dit verwys hier nie na 'n letterlike getal nie, maar na wat dit verteenwoordig. Die getal 144,000 bestaan uit 12 maal 12 maal 1,000. Twaalf is 'n simbool van God se volk: die stamme van Israel, en die getal van die kerk wat op die fondament van die 12 apostels gebou word (*Efésiërs 2:20*). Dus verteenwoordig die getal 144,000 God se eindtydvolk in sy geheel, 'n moderne openbaarmaking van antieke Israel.

Die 12 stamme in Openbaring 7 word vanselfsprekend nie as letterlik aanvaar nie, want die 12 stamme van Israel bestaan nie meer vandag nie. Die 10 stamme het tydens die Assiriese oorwinning in ballingskap gegaan (*II Konings 17:6–23*), waarna hulle met ander nasies vermeng geraak het. Die 12 stamme verteenwoordig ook nie hedendaagse Judaïsme nie. Die lys van die 12 stamme in Openbaring 7 is ook nie 'n vasgestelde lys nie. In plaas van Ruben, word Juda as die eerste stam genoem. Die stamme van Dan en Efraim word ook uitgelaat, en in hulle plek word Josef en Levi ingesluit. Die vanselfsprekende rede vir die afwesigheid van Dan en Efraim is omdat in die Ou Testament hierdie twee stamme afgedwaal het en afgode aanbid het (*Rigters 18:27–32, Hoséa 4:17*).

Die lys van die stamme in Openbaring 7 is nie 'n historiese lys nie, maar 'n geestelike lys. Dit sê aan ons dat die ontrouheid van die stamme van Dan en Efraim die oorsaak is dat hulle nie deel is van die verseëlde volk van God nie. Daar word ook na die kerk in die Nuwe Testament verwys as die 12 stamme van Israel (*Jakobus 1:1*). Die 12 stamme in Openbaring 7 verteenwoordig dus die volk van God in sy geheel, Jode en heidene. Die 144,000 word as 'n krygsmag voorgestel, geskoei op die model van antieke Israel wat regmaak vir oorlog. In antieke Israel was daar 1,000 soldate in 'n basiese militêre eenheid (*Númeri 31:3–6*). Die simboliese getal 144,000 dui op die strydende kerk in terme van 144 militêre eenhede van 1,000 elk wat gereed is vir die finale oorlogstryd (*Openbaring 17:14*), in teenstelling met die vyand se weermag van 200 miljoen (*Openbaring 9:16*).

Ons mag dalk nie altyd gemaklik met militêre beeldspraak voel nie, selfs al word dit gereeld in die Bybel gebruik. Hoe kan dit, deur die realiteit van die groot stryd gereeld in gedagte te hou, ons help om te besef hoe gepas militêre beeldspraak werklik is?

Die groot menigte

Lees Openbaring 7:9–14. Watter groep heiliges sien Johannes op hierdie tydstip? Hoe word hulle beskryf, en waar kom hulle vandaan? Wat roep hulle voor God se troon uit?

Johannes sien die groot menigte, hulle wat “ ‘uit die groot verdrukking kom, en [wat] hulle ... klere gewas en hul klere wit gemaak [het] in die bloed van die Lam’ ” (*Openbaring 7:14*). Dit wil sê, hulle is ‘n spesiale groep mense wat, ten spyte van watter stryd hulle ook gestry het (en kan jy jouself voorstel hoe verskriklik “die groot verdrukking” moes gewees het), getrou aan Jesus gebly het, ‘n getrouheid wat deur die wit klere van sy volmaakte geregtigheid waarmee hulle bekleed is, gesimboliseer word.

Net soos in die hele Bybel, verskyn die groot tema van verlossing deur genade alleen, ook hier. Dit maak nie saak wie hierdie mense is nie, of dit die gereddes deur al die eeue heen, of die 144,000 aan die einde van tyd is nie, maar dat hulle enigste aanspraak op verlossing, op die ewige lewe, op die nuwe hemel en die nuwe aarde, die geregtigheid van Christus is wat hulle deur genade alleen ontvang het.

“Naaste aan die troon is diegene wat eenmaal ywerig vir die saak van Satan was, maar wat soos stukke brandhout uit die vuur geruk is en hulle Verlosser met ‘n vurige toegewytheid, gevolg het. Naas hulle is diegene wat hulle Christelike karakters volmaak het te midde van valsheid en ongeloof; diegene wat die wet van God geëer het toe die Christenwêreld dit tot niet verklaar het; en die miljoene van alle eeue wat die marteldood vir hulle geloof gesterf het. En anderkant hulle is ‘ ‘n groot menigte wat niemand kon tel nie, uit alle nasies en stamme en volke en tale . . . voor die troon en voor die Lam, bekleed met wit klere en met palmtakke in hulle hande.’ Openbaring 7:9, 10. Hulle stryd is beëindig, die oorwinning is behaal. Hulle het die wedloop voleindig en die prys gewin. Die palmtakke in hulle hande is ‘n simbool van hulle oorwinning, die wit klere is ‘n simbool van die vlekkelose geregtigheid van Christus wat nou hulle s’n is.” — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 665.

Ja, ons is met die geregtigheid van Christus bedek, ‘n gawe wat ons deur geloof ontvang. Maar hoe kan ons daardie geloof handhaaf, en te midde van beproewings en verdrukkinge getrou bly? Of, wat nog meer belangrik is, hoe handhaaf ons daardie geloof en getrouheid gedurende tye van gemak en voorspoed? (Sien *Deuteronomium 8:11–17*.)

Hulle wat die Lam volg

Lees Openbaring 14:1–5. Wat is die drie hoofkenmerke van die 144,000 heiliges? Wat is die verband tussen hierdie kenmerke en die beskrywing van die eindtydheiliges in Openbaring 14:12?

Openbaring 14:4, 5 sluit by die beskrywing van die 144,000 wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar (Openbaring 14:12), aan. Hoewel hulle die volle gramskap van Satan gedurende die finale krisis ondervind, bly hulle weens hulle intieme verhouding met Jesus, standvastig.

Met verwysing na Openbaring 17:5, in watter opsig het die 144,000 hulle nie met vroue besoedel nie? Hoe hou dit verband met die feit dat hulle uit die mense as “eersteling vir God” gekoop is (Openbaring 14:4)?

Seksuele onsedelikheid is ‘n simbool van ontrouheid teenoor God. Openbaring 17:5 praat oor die eindtydprostituut Babilon en haar dogters met wie die bewoners van die aarde owerspel sal pleeg (*sien Openbaring 18:3*). Maar, die 144,000 sal lojaal aan Christus bly en die besoedelde verhouding met Babilon en ander afvallige godsdienste teenstaan. Dis hulle “wat die Lam volg waar Hy ook heengaan” (14:4).

Die 144,000 word verder as hulle wie “gekoop is uit die mense” as “eersteling vir God en die Lam” (14:4), beskryf. In antieke Israel was die eersteling die beste vrugte van die oes wat aan God geoffer was. Die woord eersteling verwys na God se verlose volk in sy geheel, in teenstelling met die mense in die wêreld (*sien Jeremia 2:3, Jakobus 1:18*). Die 144,000 is spesiaal, nie oor hoe hulle redding plaasvind nie, maar omdat hulle sonder om die dood te smaak, opvaar na die hemel. Hulle is dus die eersteling van die groter oes van gereddes deur al die eeue (*sien Openbaring 14:14–16*) heen.

Op watter maniere kan ons, selfs onwetend, in gevaar wees om geestelike owerspel te pleeg? Hoekom bedrieg ons onself wanneer ons dink dat ons nie in gevaar is nie?

Eerstelinge vir God en die Lam

Lees Openbaring 14:5 saam met II Petrus 3:14. Openbaring beskryf God se eindtydvolk as “sonder gebrek”. Hoe kan hierdie toestand bereik word?

Die finale kenmerk van die 144,000 is dat “in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God” (*Openbaring 14:5*). Die bedrog waarna hier verwys word dui op Satan se eindtyd- misleidings (*Openbaring 13:14*). Terwyl die meeste mense in die wêreld kies om sy leuens te glo, sal God se eindtydvolk die liefde vir die waarheid ontvang om sodoende gered te word (*II Thessalonicense 2:10, 11*). “Sonder gebrek” (in Grieks *amōmos*, wat “onberispelik” beteken) verwys na die 144,000 se getrouheid aan Christus. In die Ou Testament word Abraham (*Génesis 17:1*) en Job (*Job 1:1*) as opreg beskryf, al het hulle net soos al die ander mense ook gesondig. Tweeduisend jaar gelede was Christene geroep om heilig en sonder gebrek voor God te leef (*Efésiërs 5:27, Filippense 2:15*).

Lees Romeine 3:19–23. Hoekom moet ons gedurig hierdie uiters belangrike waarheid in gedagte hou?

Gedurende die laaste dae van hierdie wêreld se geskiedenis sal die 144,000 die karakter van Christus kragtig weerspieël. Hulle verlossing sal eerder wat Christus vir hulle gedoen het weerspieël, in plaas van hulle eie heiligheid en werke (*sien Efésiërs 2:8, 9*). Die 144,000 het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam (*Openbaring 7:14*), en sodoende word hulle “vlekkeloos en onberispelik” voor God bevind (*II Petrus 3:14*).

“Ons moet van alle aardsgesindheid gesuiwer en gereinig word totdat ons die beeld van ons Verlosser weerspieël, as ‘deelgenote van die Goddelike natuur.’ . . . “Wanneer die stryd van die lewe verby is, wanneer die wapentuig aan die voete van Jesus neergelê is, wanneer die heiliges van God verheerlik word, dan en alleenlik dan sal dit veilig wees om daarop aanspraak te maak dat ons gered en sondeloos is.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 3, bl. 355, 356. Hoe kan ons ‘n lewe van heiligmaking leef terwyl ons aktief vir die ewigheid voorberei, en nie in die valstrikke van perfeksionisme en fanatiese heiligheid vasgevang word nie? Hoekom moet ons altyd die groot waarhede in Romeine 3:19–23 in gedagte hou?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Sinlessness and Salvation,” bl. 353–357, in *Selected Messages*, boek 3. Die identiteit van die 144,000 is ‘n onderwerp wat al vuriglik gedebatteer was. Wat duidelik in Openbaring gesien kan word, is dat die 144,000 die laaste geslag van God se volk gedurende die laaste dae van hierdie aarde se geskiedenis sal wees. Ons weet dat hulle deur die tyd van die verdrukking van die sewe laaste plae sal gaan (*sien Openbaring 7:15–17*), en dat hulle lojaliteit soos geen ander geslag in die verlede, getoets sal word. Maar, wie in daardie groep sal wees, word nie aan ons openbaar nie. Dit is een van die geheime wat God vir Homself gehou het (*Deuteronomium 29:29*). Net die toekoms sal onthul wie deel van hierdie groep van geredde heiliges sal wees. Hieroor het ons ‘n waarskuwing ontvang: “Christus sê dat daar diegene in die kerk sal wees wat fabels sal versprei en hulle eie menings sal verkondig, terwyl God verhewe, besielende, veredelende waarhede gegee het wat gedurig uit die skatkamer van die verstand geroep moet word. Wanneer mense met hierdie en daardie teorieë vorendag kom, wanneer hulle nuuskierig is om iets te weet wat nie vir hulle nodig is om te weet nie, dan lei God hulle nie. Dit is nie deel van sy plan dat sy volk dinge wat hulle vermoed of veronderstel, moet aanbied nie, en wat nie in die Woord geleer word nie. Dit is nie sy wil dat hulle oor vrae sal stry wat hulle nie geestelik sal help nie, soos wie die honderd-vier-en-veertig-duisend sal wees nie? Dit sal hulle wat die uitverkorenes van God is, binnekort sonder twyfel te wete kom.” — Ellen G. White, *Selected Messages*, boek 1, bl. 174, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

1. Dink na oor die volgende aanmaning: “Laat ons met al die mag wat God ons gegee het daarna streef om deel van die honderd-vier-en-veertig-duisend te wees.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 7, bl. 970, (vrye vertaling). Hoe kan jy hierdie woorde prakties toepas? Hoe raak hierdie strewes jou daaglikse besluite?
2. ‘n Belangrike kenmerk van die 144,000 eindtydheiliges is dat hulle ‘n nuwe lied sing. As jy aan jou eie lewe dink, is jou huidige geestelike ondervinding soos ‘n lied wat ‘n vars ondervinding met God weerspieël? Of bestaan jou lewe uit ou afgesaagde stories van God se optrede in jou lewe wat bewyse van ‘n huidige toewyding kortkom? Hoe weerspieël jou daaglikse handel en wandel ‘n nuwe lied van jou geestelike ondervinding met Christus?
3. Wat is die verskil tussen om net te weet van Christus, of om Hom werklik te ken? Indien iemand jou sou vra “Hoe is Christus?”, wat sal jou antwoord wees, en hoekom sou jy so antwoord?